

Woensdag 18 Desember

Skrifgedeelte: Openbaring 2

Fokusgedeelte: Openbaring 1:4

Is ons getrou aan die Here Jesus? (1)

Maar Ek het dit teen jou dat jy jou eerste liefde verlaat het.

'n Mens kan só ywer vir die Here dat jy later nie meer vir die Here ywer nie, maar vir die saak of vir jouself. Dit het gebeur in die gemeente van die Efesiërs. Die Here het deeglik ondersoek of die gelowiges die Here nog werklik van harte ken. In hierdie ondersoek is daar seker gemaak of die gemeente van Efese nog die kenmerke van die ware kerk dra. Die eerste kenmerk is dat hulle die leersuiwerheid moet handhaaf. Eenvoudig gestel, beteken dit dat hulle die Bybel moet verkondig volgens die wil en die eise van die Here.

'n Ware kerk onderskei die verkondiging wat waarlik deur die Heilige Gees gedryf word van die een wat vol menslike vindings is.

Die tweede eienskap is die suiwere bediening van die sakramente. Met ander woorde, ons moet die doop en die nagmaal bedien soos wat dit deur God ingestel is. Daarom mag die ware kerk niks aanlas by die sakramente nie, en mag hy dit ook nie verander nie – ook nie meer of minder waarde gee as wat dit in die Bybel het nie.

Die derde eienskap is die suiwer handhawing van die tug. Hierdie eienskap vra dat die ware kerk elke mens wat 'n dwaalleer verkondig of uitleef, moet vermaan om hom te bekeer. En as hulle volhard en hulle aan God en sy vermanende liefde nie steur nie, hulle dan uit die kerk uit te sny met die ban.

Meteens appèlleer dit sterk op elke gelowige se band met die Here: Ywer ek en dié wat glo soos ek, nog werklik vir ons Verlosser, die Here Jesus Christus? Of het ons ons al ons eerste liefde verlaat en in ywer vir ons aardse dinge soos politiek, eie voorkeure, of wat ook al verval?

Sing: Psalm 16-1:1

Dr. MJ du Plessis (Thinus) (Emeritus)